VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Departement ..... lê sterk klem op integriteit en etiese gedrag in die voorbereiding van alle geskrewe werk wat vir akademiese evaluering ingedien word.

Terwyl akademiese personeel u leer hoe om verwysingstegnieke te gebruik en plagiaat te vermy, het u ook ’n verantwoordelikheid in hierdie verband. Indien u in enige stadium onseker is oor wat van u verwag word, moet u u dosent raadpleeg voordat u enige geskrewe werk indien.

U is skuldig aan plagiaat wanneer u iets uit ’n ander outeur se werk (bv ’n boek, artikel of webtuiste) kopieer sonder om erkenning aan die bron te gee en dit as u eie werk aanbied. U is in werklikheid besig om iets wat aan iemand anders behoort, te steel. Dit geld nie slegs wanneer u werk woordeliks kopieer nie, maar ook wanneer u iemand anders se werk in ’n effense gewysigde formaat (geparafraseer) aanbied of ’n argument gebruik sonder om erkenning daaraan te gee. U mag nie werk indien wat voorheen deur ’n ander student geskep is nie. U mag ook niemand toelaat om u werk te kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

Studente wat hulle skuldig maak aan plagiaat, sal geen krediet vir die geplagieerde werk ontvang nie. Die aangeleentheid kan ook na die Komitee vir Dissipline (Studente) verwys word vir ’n beslissing. Plagiaat word as ’n ernstige oortreding van die Universiteit se reëls beskou en kan tot skorsing uit die Universiteit lei.

Alle geskrewe werk wat u indien terwyl u ’n student in die Departement ..... is, moet van die volgende verklaring vergesel word. Geen geskrewe werk sal aanvaar word indien die verklaring nie voltooi en aangeheg is nie.

Student se volle name: .....

Studentenommer: .....

Onderwerp van werkstuk: .....

Verklaring

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.

2. Ek verklaar dat hierdie ..... (bv opstel, verslag, projek, werkstuk, verhandeling, proefskrif ens) my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit ’n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.

3. Ek het nie werk wat voorheen deur ’n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.

4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

HANDTEKENING .....